NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, van wie almal 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen besprekings of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word erken dat daar verskillende sienings oor sommige sake van klem of detail in die riglyne kan wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 1.1.1 *Watter visuele leidraad in die spotprent dui aan dat die kombers die USSR verteenwoordig?*
[VLAK 2]

- Die hamer en sekel-simbool van die Sowjetunie.
- Ster
- Kommunistiese simbool

1.1.2 *Noem TWEE beleide wat Gorbachev ingestel het toe hy in 1985 leier van die USSR geword het.*
[VLAK 1]

- Perestroika
- Glasnost
- Democratiya of demokratisering

1.2 1.2.1 *Watter boodskap dink jy probeer die spotprenttekenaar oordra van Gorbachev se rol in die verbrokkeling van die USSR? Verwys na EEN visuele leidraad om jou antwoord te ondersteun.*
[VLAK 4]

- Gorbachev was verantwoordelik vir die verbrokkeling van die USSR/Gorbachev het 'n sleutelrol gespeel/Gorbachev was vasbeslote om dit te ontbind.
- Wegbeweeg/Breek weg van kommunisme

- **Leidraad:** Hy hou 'n skêr vas wat die USSR "opsny".

1.2.2 *In watter mate stem jy saam met die spotprenttekenaar se mening? Ondersteun jou antwoord met EEN punt.*
[VLAK 6]

Hy was verantwoordelik/spotprent is in 'n groot mate akkuraat.
- Dit was sy beleid van Glasnost en Perestroika wat die verbrokkeling van die USSR aangewakker het.
- Alhoewel die verbrokkeling van die Sowjetunie nie sy bedoeling was nie.

Hy was in 'n mate/gedeeltelik verantwoordelik.
- Dit was sy beleid van Glasnost en Perestroika wat die verbrokkeling van die USSR aangewakker het.
- Maar daar was ander faktore teenwoordig waarvoor hy nie histories verantwoordelik was nie: oorlog in Afghanistan, swak ekonomie as gevolg van kommunisme.

IEB Copyright © 2024

1.3 *Hoe betroubaar is hierdie bron om die redes vir die verbrokkeling van die USSR te verstaan? Verduidelik jou antwoord.*
[VLAK 6]

Die bron gee ons 'n paar idees oor wat mense destyds gedink het, dus is dit **gedeeltelik betroubaar met beperkings**. Dit is egter nie 'n perfekte bron om te verstaan waarom die USSR verbrokkel het nie. Dit is 'n **eensydige siening**, aangesien die spotprent geteken is deur iemand met sy/haar eie menings (**vooroordeel**). Dit **toon dalk nie die volle verhaal** of al die redes waarom die USSR verbrokkel het nie – veral omdat dit **in die VSA gepubliseer is** en deur 'n Amerikaanse spotprenttekenaar geteken is. Dit is 'n eenvoudige spotprent en kan dus belangrike besonderhede weglaat – die simboliek van Gorbachev wat 'n kombers met die hamer en sekel opsny kan die oorsake van die USSR se ineenstorting **oorvereenvoudig** en nie al die ekonomiese, politieke, sosiale en ideologiese faktore wat betrokke is, uitbeeld nie. Die spotprent kan dalk fokus op Gorbachev as die rede vir die USSR se verbrokkeling, maar daar was ook ander belangrike faktore, soos ekonomiese probleme, etniese nasionalisme, ensovoorts. Sonder addisionele konteks of gepaardgaande inligting is dit moeilik om die spotprent met 100% akkuraatheid te interpreteer. Die spotprenttekenaar se **bedoeling** was dalk om te suggereer dat Gorbachev se beleid of optrede bygedra het tot die verbrokkeling van die USSR – spreek sy mening uit of verdeel blaam en kritiek, maar dit sou weer eens 'n bevooroordeelde mening wees. Die spotprenttekenaar het dalk **beoog om** die Verenigde State en sy bondgenote se vermeende oorwinning oor kommunisme **te vier**. Die beeld van Gorbachev wat die simbool van die USSR versnipper, kan die oorwinning van demokrasie en kapitalisme oor kommunisme simboliseer – die spotprent sal hier egter beperk wees, omdat dit nie vir die historikus insig gee in die oorsake van die val van die USSR nie. Verder het verskillende mense ook verskillende sienings – mense kan dieselfde spotprent verskillend sien – dus, alhoewel die spotprent interessant is, **kan ons nie net daarop staatmaak** om te verstaan hoekom die USSR verbrokkel het nie. Ons moet ook na ander bronne kyk.

Gebruik hierdie rubriek saam met die bogenoemde riglyne:

5–6	**Evaluering/beperking & vooroordeel** Begryp die bron / erken beperking / fokus op oorsprong en bedoeling (in 'n mate) en erken vooroordeel ten einde af te lei dat die bron beperkte betroubaarheid het of onbetroubaar is. Moet aanhaal/moet vooroordeel in die bron of vooroordeel van oorsprong en publikasie verskaf om 6 punte te verdien.
3–4	**Ontleding en Beperking** Toon vermoë om die bron te begryp/erken oorsprong en/of bedoeling en vae vermelding van die beperking van die bron as dit alleen gebruik word/geen poging om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.)
1–2	**Begrip** Beskryf die inligting wat uit die bron verkry is/kan slegs die bron begryp, maar poog nie om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling).
0	Geen poging aangewend om die vraag te beantwoord nie.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 TEKSTUELE ONTLEDING

2.1 2.1.1 *Maak 'n lys van die DRIE hoofdoelwitte van die WVK deur jou historiese kennis te gebruik.*
[VLAK 1]

- Die WVK se doel was om die waarheid oor menseregtevergrype en gruweldade tydens die apartheidsera in Suid-Afrika, te openbaar en te dokumenteer.
- Om amnestie te verleen aan diegene wat hul misdade bely het – die WVK wou poog om versoening en heling onder Suid-Afrikaners te weeg te bring.
- Dit het gepoog om by te dra tot die strewe na geregtigheid deur vergoeding vir slagoffers aan te beveel/herstelbetalings.
- Om 'n platform te bied vir slagoffers en oortreders om hul stories te vertel.
- Om historiese rekords en dokumentasie op te bou

2.1.2 *Watter doelwit van die WVK is volgens die bron bereik? Gee DRIE bewyse om jou antwoord te staaf.*
[VLAK 2 en VLAK 4]

Die doel om die waarheid te identifiseer/Mense Regte oortredings.

- "… Dit het bo alle twyfel vasgestel dat moordeenhede nie by uitsondering opgetree het nie, maar as deel van die stelsel van regeringsonderdrukking …"
- "… dat marteling stelselmatig toegepas is en in werklikheid as amptelike praktyk goedgekeur is …"
- "… geweld tussen mededingende swart faksies amptelik aangemoedig, ondersteun en gefinansier is …"
- "… Dit het die bevelsketting gevestig wat tot die hoogste regeringsvlakke gelei het …"
- "… Dit het die bevrydingsbewegings met hul eie moord-, martel- en halssnoermisdade gekonfronteer, en het geweier om hierdie misdade anders as regeringsmisdade te beoordeel …"

IEB Copyright © 2024

2.2 *Gebruik jou historiese kennis en gee TWEE punte van kritiek op die WVK, volgens familielede van die slagoffers van apartheid.*
[VLAK 1]

- Baie slagoffers en hul gesinne het gevoel dat die WVK versoening bo geregtigheid prioritiseer/terwyl die WVK 'n platform voorsien het vir slagoffers om hul ontberings te deel, en vir oortreders om amnestie te versoek, het dit nie alle oortreders van menseregteskendings vervolg nie/ party slagoffers het gedink dat hierdie gebrek aan aanspreeklikheid oortreders toegelaat het om straf vir hul misdade vry te spring.
- Die WVK het te maklik amnestie verleen, veral aan dié wat beskou is as polities verbonde of wat nie die volle waarheid oor hul misdade onthul het nie.
- Slagoffers en hul gesinne het dikwels gevoel dat die vergoeding wat deur die WVK verskaf is, onvoldoende was om die blywende impak van die apartheidsera se geweld aan te spreek/die WVK se klem op versoening en amnestie het pogings ondermyn om oortreders vir hul optrede aanspreeklik te hou.
- Beperkte omvang.

2.3 *Watter komitee van die WVK sou die gevolgtrekkings gemaak het wat in die bron genoem word?*
[VLAK 1 en 3]

Komitee oor Amnestie/Mense Regte oortreding

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Verduidelik waarom die skrywer die Nasionale Party "onwettig" noem. Gebruik die bron en jou historiese kennis.*
[VLAK 2]

- **Bron:** As gevolg van apartheid was die NP 46 jaar lank rassisties.
- **Eie kennis:** die apartheidstelsel het swart mense onderdruk en hulle stemreg ontsê.
- Dus was die NP nie aan bewind deur die demokratiese wil van al die mense van SA nie.
- Die NP het fundamentele menseregte onderdruk en geskend.
- Die NP het morele en demokratiese legitimiteit ontbreek.
- Ondemokraties

3.2 *Gebruik jou historiese kennis en verduidelik hoe die "regering van nasionale eenheid" wat in Paragraaf 3 genoem word, saamgestel was.*
[VLAK 1]

- Enige party wat minstens 5% van die stemme gekry het, sal vir die eerste vyf jaar in 'n regering van nasionale eenheid verteenwoordig word.
- Die ANC, die NP en die IVP het almal gekwalifiseer om by hierdie koalisieregering ingesluit te word.
- Die kabinet van die regering van nasionale eenheid het 12 verteenwoordigers van die ANC, ses van die NP en drie van die IVP ingesluit.
- Nelson Mandela het die eerste president geword, met Thabo Mbeki en FW de Klerk as adjunkpresidente.
- Een president en twee adjunkte.

3.3 *Watter TWEE bewyse in Paragraaf 3 dui daarop dat die internasionale gemeenskap die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika in 1994 sou verwelkom?*
[VLAK 2 en 3]

- Daar was 'n instroming van internasionale beleggings
- "Ons was die postkoloniale liefling van die Weste."

3.4 *Glo die skrywer dat die 1994-verkiesing Suid-Afrikaners met 'n positiewe nalatenskap gelaat het? Verduidelik deur Paragraaf 4 te gebruik.*
[VLAK 6]

- **Ja**
- Suid-Afrika hou steeds vreedsame, tydige, vrye, regverdige en geloofwaardige verkiesings.
- Die OVK* werk.
- Ons het 'n veelparty-demokrasie.
- Ons het vryheid van spraak.
- Ons het opposisiepartye wat gedy.
- Ons kan kritiseer wie ons wil sonder om tronk toe te gaan ...
- Ons demokrasie is 'n model vir die res van Afrika …

IEB Copyright © 2024

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne wat in die Bronmateriaalboekie voorkom en beantwoord dan die vrae wat volg.

Verwys na Bron A

4. 4.1 *Gebruik jou historiese kennis om 'n definisie van die term Westers te verskaf.*
[VLAK 1]

- Verwys na nie-kommunistiese lande met 'n soortgelyke erfenis, kultuur en waardes en wat geneig is om demokraties en kapitalisties te wees.
- Kultuur, sosiale filosofie en waardes wat in Europa ontstaan het
- Lande in Wes-Europa en Noord-Amerika.
- Lande wat die waardes van individualisme, menseregte, demokrasie en die oppergesag van die reg deel.

4.2 *Gee DRIE bewyse uit paragraaf 2 wat toon dat Westerse moondhede 'n negatiewe uitwerking op politiek in die Kongo gehad het.*
[VLAK 2]

- Hulle het die Verenigde Nasies gemanipuleer.
- Hulle het die ontplooiing van huursoldate moontlik gemaak.
- Hulle het deur die groot myngroepe soos *Union Minière Du Haut Katanga* gewerk … wat hulle beheer het deur dreigemente, omkoopgeld en openlike politieke druk.
- Hulle het seker gemaak dat 'n marionet-bewind wat van hulle afhanklik was, eerder as enige ten volle onafhanklike politieke leierskap, aan bewind gekom het.

5. *Verskaf die bron enige bewyse dat plaaslike politici 'n rol gespeel het in die post-koloniale wanorde? Ondersteun jou antwoord met EEN bewys.*
[VLAK 6]

- Ja
- Mobutu Sese Seko het die verkose parlement van die Kongo verhinder om byeen te kom om te vergader.
- "Die moord op Patrice Lumumba … het die einde van die eerste fase van die krisis gemerk."
- Paragraaf 2 – "marionet"
- "Mobutu Seso Seko … sou staatskleptokrasie modieus maak."

IEB Copyright © 2024

6. *Gebruik die bron en beskryf die motivering vir buitelandse betrokkenheid in die Kongo. (Paragraaf 3)*
[VLAK 2]

- Die Koue Oorlog was een verskoning vir hierdie gedrag –voorkom uitbreiding van Sowjet- of Kommunistiese invloed in die streek;
- Gierigheid was 'n ander – die Kongo was te ryk om toegelaat te word om van Westerse korporatiewe beheer te ontkom;
- Diepe wrewel van die Belge oor die verlies van beheer oor hul koloniale ryk in Afrika was die derde.

7. *Vind 'n historiese konsep in Bron A wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)*
[VLAK 2]

7.1 *Verwys na 'n skielike, gewelddadige omverwerping van 'n regering*.

staatsgreep

7.2 *Verwys na 'n land wat sy eie wette maak en vry is van beheer van buite.*

onafhanklik

7.3 *Verwys na 'n politieke stelsel waarin een persoon absolute mag besit.*

diktatorskap

IEB Copyright © 2024

Verwys na Bron B

8. *Gee VIER redes waarom Lumumba na slegs ses maande as premier van die Kongo afgesit is. Gebruik jou historiese kennis om te antwoord.*
[VLAK 1]

- Een van die hooffaktore wat tot Lumumba se gevangeneming gelei het, was die teenstand wat hy uit verskeie oorde gekry het: dit sluit interne opposisie van politieke teenstanders en eksterne inmenging van Westerse moondhede in.
- Lumumba se pogings om Kongolese soewereiniteit te handhaaf en beleide onafhanklik van Westerse invloed na te jaag, veral op ekonomiese gebied, het hom met magtige belange, sowel binnelands as internasionaal, laat koppe stamp.
- Lumumba se pogings om die territoriale integriteit van die Kongo te handhaaf en sy opposisie teen die afskeidingsbeweging in Katanga het tot verhoogde spanning en konflik gelei.
- Lumumba se vertoë tot die Sowjetunie vir steun te midde van Westerse opposisie, en sy vermeende steun van sosialistiese beginsels het bygedra tot sy kwesbaarheid.
- Hierdie stap het Westerse moondhede kwaad gemaak, veral die Verenigde State en België, wat Lumumba se toenadering tot die Sowjetunie as 'n bedreiging vir hul belange in die streek beskou het.
- Lumumba se gevangeneming het uiteindelik plaasgevind te midde van 'n magstryd om beheer van die Kongo se toekoms.
- Hy word uiteindelik gearresteer deur magte lojaal aan kolonel Joseph Mobutu, wat later die mag sou oorneem tydens 'n staatsgreep wat deur Westerse moondhede gesteun is.

9. 9.1 *Verskaf EEN visuele leidraad in die foto wat aantoon dat Lumumba gevange geneem is.*
[VLAK 4]

- Hande is agter sy rug vasgebind
- Toue
- Wapens
- Weermagwagte wat hom omring

9.2 *Verskaf EEN beperking van HIERDIE foto vir historici wat die oorsake van die wanorde in die Kongo na onafhanklikheid navors.*
[VLAK 6]

- Kan nie sien wie hom gevang het nie, dus word meer konteks benodig.
- Kan nie vasstel wat net voor dit gebeur het nie – hoe is hy gevang?
- Kan nie vasstel wat onmiddellik hierna met hom gedoen is nie.
- Die foto dokumenteer slegs die spesifieke oomblik toe hy gevang is.

IEB Copyright © 2024

10. *Verskaf 'n opskrif vir hierdie foto, wat moontlik in 'n pro-President Kasavubu-koerant verskyn het.*
[VLAK 4]

- "President Kasavubu se Soldate Triomfeer: Lumumba Gevange Geneem in Historiese Oorwinning vir Kongo se Stabiliteit"

Verwys na Bron C

11. *Gebruik die bron om te verduidelik hoe beheer van kommunikasie en belangrike fasiliteite Lumumba se vermoë om weerstand te bied, beïnvloed het toe Kasavubu hom uit sy magsposisie verwyder het.*
[VLAK 6]

- Die bron dui aan dat die VN beheer oor Leopoldville-lughawe oorgeneem het, wat Lumumba verhoed om lojale magte uit Stanleyville en Kasai-provinsie in te bring.
- Dit belemmer Lumumba se vermoë om steun en versterking te mobiliseer uit streke waar hy aansienlike steun geniet. Sodoende verswak dit sy posisie en beperk sy vermoë om Kasavubu se afdanking teen te staan.
- Die bron noem dat Lumumba toegang tot die nasionale radionetwerk geweier is.
- Hierdie weiering ontneem Lumumba van 'n deurslaggewende kommunikasiekanaal waardeur hy steun kon werf, inligting kon deel en Kasavubu se optrede kon teëwerk.
- Lumumba se gebrek aan toegang tot die nasionale radionetwerk ondermyn sy vermoë om Kasavubu se afdanking effektief teen te staan.
- Die bron beklemtoon dat Lumumba bevestiging gekry het dat die VN, wat voorheen geweier het om sy regering militêr te help, hom nou militêr teenstaan.
- Hierdie militêre teenkanting deur die VN verswak Lumumba se posisie verder en demonstreer die internasionale gemeenskap se steun vir Kasavubu se optrede.
- Dit maak dit selfs meer uitdagend vir Lumumba om sy ontslag uit sy magsposisie teen te staan of om te keer.

IEB Copyright © 2024

12. 12.1 *In watter opsig is Bron C nuttig vir historici wat die impak van die Verenigde Nasies se rol in die Kongo gedurende die 1960's bestudeer? Verskaf TWEE punte.*
[VLAK 6]

- Die uittreksel verskaf bewyse van die VN se ingryping in die Kongo gedurende die 1960's, veral met betrekking tot sy optrede in reaksie op Kasavubu se afdanking van Lumumba.
- Dit beklemtoon hoe die VN ingegryp het deur beheer oor sleutelinfrastruktuur soos die Leopoldville-lughawe te neem en Lumumba toegang tot die nasionale radionetwerk te weier.
- Hierdie inligting bied insig in die VN se betrokkenheid by die Kongo-krisis en sy pogings om die politieke dinamika van die land gedurende 'n kritieke tydperk te beïnvloed.
- Bron C illustreer die komplekse dinamika van internasionale verhoudings gedurende die Koue Oorlog-tydperk.
- Dit toon hoe Lumumba se dreigemente om die Sowjetunie uit te nooi om by die Kongo-krisis in te gryp, 'n reaksie van die Verenigde State ontlok en spanning tussen die supermoondhede verhoog.
- Hierdie aspek van die uittreksel beklemtoon die mate waarin Koue Oorlog-wedywering internasionale reaksies op die Kongo-krisis beïnvloed.

12.2 *Haal EEN voorbeeld van vooroordeel teenoor Lumumba deur die skrywer van die bron, aan.*
[VLAK 4]

- "… Omdat hy die bekwaamste oproermaker was …"

Verwys na Bron D

13. 13.1 *Wat is "huursoldate" soos in die teks aangetref, volgens jou kennis?*
[VLAK 1]

- Individue wat betaal word om in konflikte of oorloë te veg namens 'n land, groep of organisasie; individue word deur private maatskappye, regerings of rebellegroepe gehuur om militêre diens te lewer.

13.2 *Gebruik die bron om TWEE gevolge van die huursoldate se optrede op die plaaslike bevolking en gevangenes tydens die konflik in die Kongo te noem.*
[VLAK 2]

- Hulle vermoor mense wreedaardig.
- Staan die weermag by om die bevolking te terroriseer.
- Martel gevangenes voordat hulle hul doodmaak.

IEB Copyright © 2024

Verwys na Bron E

14. 14.1 *Watter ideologie het die twee lande wat deur Khrushchev (USSR) en Mao Tse Tung (China) verteenwoordig word, gemeen, volgens jou historiese kennis?*
[VLAK 1]

- Albei is Kommunisties

14.2 *Wat is die boodskap van die spotprent met betrekking tot die verhouding tussen Afrikalande (veral die Kongo) en die ander lande wat in die spotprent verteenwoordig word? Ondersteun jou antwoord deur na TWEE visuele leidrade in die spotprent te verwys.*
[VLAK 4]

Betekenis:

- Beide Afrika-lande en buitelandse magte soos China en die USSR is gretig om met mekaar in gesprek te tree na onafhanklikheid.
- **Alternatief:** die man dui aan dat hy huiwerig is om met Asiatiese magte in gesprek te tree.

Leidrade:

- Die man wat die Kongo verteenwoordig, stap verby die ander twee mans wat die USSR en China verteenwoordig en vra vir 'n "portier", asof hy op die "kommunistiese trein" gaan klim.
- Die "portiers" buig en trek aandag om te toon hoe gretig hulle is om hom by te staan en in hul "invloedsfeer" te verwelkom.
- Wys, gebaar, glimlag, groet
- Indikasies van "huiwerigheid": gesigsuitdrukking lyk twyfelagtig of onseker, en hy lyk asof hy styf verby die twee mans wat probeer om met hom in gesprek te tree, stap.

Verwys na Bron F

15. *Gebruik Bron F sowel as jou historiese kennis om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.*

Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)
[VLAK 1 en VLAK 2]

15.1 *Kasavubu sowel as Lumumba het beweer dat hulle mekaar afgedank het.*

WAAR

15.2 *Bron F kritiseer Lumumba en Kasavubu dat hulle nie gedoen het wat die beste vir die Kongo was nie.*

WAAR

15.3 *Mobutu het in 1960 aan bewind gekom.*

ONWAAR

15.4 *As leier van die Kongo sou Mobutu Kasavubu se aktiwiteite beheer.*

WAAR

15.5 *Bron F sinspeel daarop dat Mobutu moontlik 'n rol in die teregstelling van Lumumba gespeel het.*

WAAR

15.6 *Bron F is 'n primêre bron.*

ONWAAR

Verwys na Bron G

16. *Gebruik Bron G om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)*

16.1 *Gebruik die bron en noem VIER lande wat by die Kongo-krisis van 1960–1965 betrokke was.*
[VLAK 2]

- USSR (Moskou)
- Tsjeggo-Slowakye
- China
- Kuba

16.2 *Terwyl "Moskou" (USSR), China en Kuba almal kommunisme wou uitbrei, het hul strategiese belange in die Kongo gedurende die 1960's effens verskil, volgens die bron.*

Gebruik die bron en beskryf elke land se strategiese doelwitte in die Kongo.*

*[*die langtermyn-doelwitte en prioriteite wat 'n nasie beoog om te bereik om sy veiligheid te beskerm, sy welvaart te bevorder en sy invloed op die globale toneel te bevorder]*
[VLAK 4]

- **Die USSR het strategiese en ekonomiese belange in Afrika,** insluitende die Kongo, gehad, as gevolg van die land se ryk natuurlike hulpbronne soos diamante, uraan en koper.
- Een van van die Sowjetunie se hoofdoelwitte was om kommunisme op die Afrika-kontinent uit te brei deur sy teenwoordigheid in die Kongo te gebruik om hierdie doelwit te bevorder.
- Die KGB (Sowjet intelligensie-agentskap) en Tsjeggo-Slowaakse Staatsveiligheid (StB) het gesamentlike operasies in die Kongo uitgevoer, inligting ingesamel, informante gewerf en Westerse instellings geïnfiltreer om Sowjet-belange en -invloed in die streek te bevorder.

IEB Copyright © 2024

- **China se strategiese doelwit in die Kongo** was om sy invloed op die Afrika-kontinent uit te brei as deel van sy breër wêreldwye doelwitte.
- Die Chinese Kommunistiese Party het in 1960 ekonomiese steun aan die Kongo gebied, aangevuur deur sy begeerte om Amerikaanse imperialisme en kapitalisme teen te werk en kommunisme se reikwydte te vergroot.
- China se verhouding met die Kongo het deur ekonomiese steun gerealiseer, wat sy doelwit weerspieël om sy invloed uit te brei en Westerse invloed in Afrika aan bande te lê.
- **Kuba se strategiese doelwit in die Kongo** was om die invloed van die Kubaanse Rewolusie uit te brei en lande wat deur Westerse ingryping geraak is, te verdedig.
- Che Guevara, 'n prominente lid van die Kubaanse leierskap, het China se steun gesoek om die Kubaanse saak in die Kongo te versterk, wat Kuba se verbintenis tot steun aan anti-imperialistiese bewegings en die bevordering van kommunisme wêreldwyd weerspieël.
- Kuba het aktief by die stryd in die Kongo betrokke geraak en Che Guevara saam met 'n groep guerrillavergters gestuur om plaaslike magte teen Westerse moondhede en kapitalisme te ondersteun.

Verwys na Bron H

17. *Gee TWEE aanhalings wat aandui dat Lumumba se optrede stabiliteit in die Kongo bedreig het.*
[VLAK 2]

- "... In 'n toenemende plofbare luim het hy daarop aangedring dat VN-magte gebruik word om Belgiese troepe te verdryf."
- "… Nadat hy hom op 16 Julie in Leopoldville ontmoet het, het Ralph Bunche, hoof van die VN-operasie in die Kongo, … berig dat 'Lumumba mal was en soos 'n kind opgetree het' …"
- "… Die volgende dag het Lumumba 'n ultimatum gestel en gedreig dat as die VN nie alle Belgiese troepe teen middernag op 19 Julie uit die Kongo onttrek nie, hy die Sowjetunie sou nooi om in te gryp …"
- "… In 'n tyd toe wedywering in die Koue Oorlog op een van sy hoogtepunte was, het Lumumba se dreigemente die Verenigde State siedend gemaak en die Kongo in die middel van 'n Koue Oorlog-konfrontasie geplaas …"

IEB Copyright © 2024

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 18

In watter mate was eksterne magte verantwoordelik vir die onstabiele politieke toestande in die Kongo ná onafhanklikheid?

[VLAK 2, 3, 4, 5, 6]

Die opstel word holisties nagesien deur gebruik te maak van die IEB-brongebaseerde opstelrubriek met die memorandum as riglyn.

- Kandidate kan redeneer dat eksterne magte **IN 'N MEERDERE MATE** verantwoordelik was vir die wisselvallige en onstabiele politieke toestande in die Kongo ná onafhanklikheid. Albei supermoondhede van die Koue Oorlog, die USSR en die VSA, het om hul eie ideologiese en strategiese redes, soos die minerale rykdom en ander hulpbronne van die Kongo, by die Kongo se sake ingemeng. Ander Westerse moondhede was ook om hul eie redes by die Kongo betrokke, soos België, wat nie sy vorige kolonie, ryk aan kosbare minerale en ander hulpbronne, wou prysgee nie. Selfs die Verenigde Nasies het by die Kongo-krisis betrokke geraak, dikwels in opdrag van en gemanipuleer deur die belange van die Koue Oorlog se supermoondhede.
- Eksterne magte was **IN 'N MINDERE MATE** verantwoordelik vir die wisselvallige en onstabiele politieke toestande in die Kongo ná onafhanklikheid, aangesien plaaslike, interne magte meer verantwoordelik was: individue soos president Kasavubu, Joseph Mobuto, Patrice Lumumba, Moise Tshombe het almal 'n rol gespeel in die chaotiese toestand in die Kongo ná onafhanklikheid. Hulle motiewe het gewissel van ideologiese motiewe tot stam-identiteit tot hebsug. Hul mededingende interaksie met mekaar het die chaos in die Kongo vererger.

OF

- Kandidate kan argumenteer dat dit akkuraat is om te sê dat eksterne magte **IN 'N MINDERE MATE** verantwoordelik was vir die wisselvallige en onstabiele politieke toestande in die Kongo na onafhanklikheid. Ander was meer verantwoordelik: individue soos president Kasavubu, Joseph Mobuto, Patrice Lumumba, Moise Tshombe het almal 'n rol gespeel in die chaotiese toestand in die Kongo ná onafhanklikheid. Hulle motiewe het gewissel van ideologiese motiewe tot stam-identiteit tot magsug. Hul mededingende interaksie met mekaar het die chaos in die Kongo vererger.
- Eksterne magte was **IN 'N MEERDERE MATE** verantwoordelik vir die wisselvallige en onstabiele politieke toestande in die Kongo ná onafhanklikheid. Albei supermoondhede van die Koue Oorlog, die USSR en die VSA, het om hul eie ideologiese en strategiese redes, soos die minerale rykdom en ander hulpbronne van die Kongo, by die Kongo se sake ingemeng. Ander Westerse moondhede was ook om hul eie redes by die Kongo betrokke, soos België, wat nie sy vorige kolonie, ryk aan kosbare minerale en ander hulpbronne, wou prysgee nie. Selfs die Verenigde Nasies het by die Kongo-krisis betrokke geraak, dikwels in opdrag van en gemanipuleer deur belange van die Koue Oorlog se supermoondhede.

IEB Copyright © 2024

EKSTERNE MAGTE WAS VERANTWOORDELIK	EKSTERNE MAGTE NIE VERANTWOORDELIK NIE – INTERNE MAGTE WAS VERANTWOORDELIK
Meerdere/mindere mate	**Meerdere/mindere mate**
A – "Min gebeure in Afrika gedurende die 1960's is 'n beter illustrasie van die **Westerse moondhede** se skynheiligheid of **hul vasberadenheid om die nuwe onafhanklike lande van Afrika** deur enige middel tot hul beskikking **te beheer...**" "... **Hulle het die Verenigde Nasies manipuleer**, hulle **het die ontplooiing van huursoldate gefasiliteer**, hulle het deur groot myngroepe soos *Union Miniere Du Haut Katanga* gewerk ... wat hulle beheer het. Deur **dreigemente, omkoopgeld en openlike politieke druk** het hulle **seker gemaak dat 'n marionet-bewind wat van hulle afhanklik was**, eerder as enige ten volle onafhanklike politieke leierskap, aan bewind sou kom in die mineraalryke Kongo." "Die Koue Oorlog was een verskoning vir hierdie optrede – **om die verspreiding van Sowjet- of Kommunistiese** invloed in die streek te voorkom; hebsug was 'n ander – **die Kongo was te ryk om toegelaat te word om Westerse korporatiewe beheer te ontkom** en 'n bitter wrok van die Belge oor die verlies van beheer oor hul koloniale ryk in Afrika was die derde ..."	**A –** "… Hy het gehoop dat die Verenigde Nasies 'n positiewer rol sou speel deur sy troepe en mag te gebruik om **die Kongo-parlement in staat te stel om te vergader** … Dit was volgens hom die voor-die-hand-liggende stap, **maar is deur kolonel Mobutu verhinder** …"
B – Die foto toon Patrice Lumumba ná sy arrestasie. Die gebeure wat tot sy arrestasie en teregstelling gelei het, het die Belgiese en Amerikaanse CIA-intelligensie betrek en verskillende mate van optrede behels. Eksterne magte, wat by die gebeure van die Kongo inmeng, is deels verantwoordelik vir sy sluipmoord.	**B –** die foto toon Patrice Lumumba ná sy arrestasie. Die gebeure wat tot sy arrestasie en teregstelling gelei het, het **plaaslike politici soos Moïse Tshombe en Joseph Mobutu betrek. Interne rolspelers was dus betrokke by sy sluipmoord** en het so bygedra tot die geweld en chaos in die jare ná onafhanklikheidswording.
C – "… **die VN**, wat tot dusver geweier het om in te gryp, [het] **ingegryp** om die situasie op te skort nadat Kasavubu Lumumba afgedank het ..." "… Deur die beheer van die Leopoldville-lughawe oor te neem, het **die VN Lumumba verhinder** om sy lojaalste magte Leopoldville te laat binnekom ..." "… **die VN**, wat geweier het om sy regering militêr by te staan, hom nou militêr **teenstaan** …"	
	D – "… **Tshombe** … het 'n mag Europese huursoldate saamgestel om die rebelle in die ooste te beveg ..." "**…** Teen Maart 1965 was die **Nasionale Weermag van die Kongo** met sy **huursoldaatleiers** besig om die oorlog te wen ..." "**…** 'n Grootskaalse slagting het plaasgevind toe **die weermag die bevolking geterroriseer het** terwyl hulle op die huursoldate staatgemaak het om militêre optredes te lei ..." "**... Die huursoldate was verantwoordelik** vir 'n groeiende aantal wreedhede en het die gevangenes gruwelik gemartel voordat hulle doodgemaak is ..."

IEB Copyright © 2024

E – die spotprent toon die **gretigheid** van die **USSR en China as eksterne magte**, albei kommunistiese state in terme van ideologie, om 'n rol in nuut-onafhanklike Afrika-state te speel.	
	F – "**… Mobutu** het sy opsies oorweeg: om lojaal te bly aan sy vriend en ondersteuner, die man wat saam met president Kasavubu gestaan het, selfs nou terwyl die land in vlamme opgegaan het, of om namens die VSA op te tree, wat Lumumba uit die weg wou ruim ..." Dit toon die sameswering van Mobutu – wat die konflik vererger het. " ... was president **Kasavubu** op pad na die nasionale radiostasie in Leopoldville ..." en "… het hulle 'n uur later die stem van Patrice **Lumumba** gehoor wat aankondig dat hy president Kasavubu afgedank het ..." – toon die magspel tussen plaaslike politici ten opsigte van die skep van konflik in die Kongo. "… Op daardie kritieke oomblik te midde van 'n militêre, etniese en ekonomiese krisis, toe 'n verenigde en vasberade posisie gebiedend noodsaaklik was, het die twee verkose leiers persoonlike politiek bo nasionale belange gestel ..." – bevestig die bogenoemde "… **Mobutu**, … was effektief die nuwe leier van hierdie uitgestrekte jong Republiek … later sou Mobutu president Kasavubu toelaat om na sy amp terug te keer, maar slegs onder sý rentmeesterskap, sonder enige werklike mag. Intussen was daar die ongemaklike vraag wat om met Lumumba te doen … Mobutu moes permanent van hom ontslae raak …" – Dit toon die rol van 'n interne politikus in die skep van onrus in die Kongo.
G – "... **Moskou** … het sy strategiese en ekonomiese belange in Afrika gehad …" "... een van die hoofdoelwitte van Tsjeggo-Slowakye was om betrekkinge met lande buite Europa te ontwikkel …" "... **Tsjeggo-Slowakye** was die enigste kommunistiese land wat sedert 1948 diplomatieke verteenwoordiging in die Kongo gehad het. Sy wens, soos dié van die USSR, was om kommunisme op die Afrika-kontinent uit te brei. Dit het ook ekonomiese belange in die land gehad. Die Kongo was ryk aan natuurlike hulpbronne soos diamante, uraan en koper ..." "... In 1960 het die KGB en die **Tsjeggo-Slowaakse Staatsveiligheid (StB)** hul eerste gesamentlike operasie in die Kongo begin. Selfs voor die Kongo se onafhanklikheid was **Tsjeggo-Slowakye** reeds in die land teenwoordig. Dit het die proses van samewerking en infiltrasie van die Sowjetunie behels. Moskou se aandag op die Kongo-krisis is in 1960 gevestig … Die rol van **KGB-beamptes** was om inligting oor Kongolese politici en Westerse planne vir die land te bekom. Die StB se rol was om informante te werf, hul personeel in Westerse instellings te infiltreer en Westerse moondhede in die Kongo te diskrediteer ..."	

IEB Copyright © 2024

"... Die verhouding tussen **China** en die Kongo het in 1960 gerealiseer toe die Chinese Kommunistiese Party ekonomiese steun aan die Kongo beloof het. China se steun is hoofsaaklik aangevuur deur die drang na uitbreiding op die Afrika-kontinent en die stryd teen Amerikaanse imperialisme en kapitalisme …" "... Die **Kubaanse** regering … het besluit om by die stryd aan te sluit … **Che Guevara**, 'n lid van die Kubaanse leierskap, … het China besoek om meer steun vir sy saak in die Kongo te werf. Sy doel was om die Kubaanse Rewolusie se invloed uit te brei en die lande te verdedig wat deur Westerse ingryping geraak is … Che Guevara arriveer met 'n kleiner … leërafdeling wat uit 150 guerrillavegters bestaan. Kuba was goed voorberei vir die stryd, ... **China en Kuba** het gevoel dat kommunisme deur Westerse lande en kapitalisme bedreig word …"	
	H – "… In 'n **toenemende plofbare luim** het hy daarop aangedring dat VN-magte gebruik word om Belgiese troepe te verdryf ..." "… Nadat hy hom op 16 Julie in Leopoldville ontmoet het, het Ralph Bunche, hoof van die VN-operasie in die Kongo, … berig dat '**Lumumba mal was** en soos 'n kind opgetree het' ..." "Die volgende dag het **Lumumba** 'n ultimatum gestel en **gedreig** dat as die VN nie alle Belgiese troepe teen middernag op 19 Julie uit die Kongo onttrek nie, hy die Sowjetunie sou nooi om in te gryp ..." "… In 'n tyd toe wedywering in die Koue Oorlog op een van sy hoogtepunte was, **het Lumumba se dreigemente die Verenigde State siedend gemaak en die Kongo in die middel van 'n Koue Oorlog-konfrontasie geplaas** ..."

IEB Copyright © 2024

GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

	Argument + fokus	**Gebruik van bronne**	**Teen-argument (T/A)**	**Struktuur + styl**	**Hoofindruk**
7+ **90–100%** **45–50**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Behou duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne om argument en teenargument te staaf. Haal selektief aan waar toepaslik.	Bespreek T/A volledig. Erken T/A in inleiding en slot. Skakel T/A deurgaans met hoof-argument.	Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë vlot.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit toon uitstekende historiese insig en begrip.
7 **80–89%** **40–44**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt vol, met geringe dwalings wat nie afbreuk doen aan begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie. Dit toon baie goeie historiese insig en begrip.
6 **70–79%** **35–39**	Neem 'n standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat van die argument afwyk. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer T/A.	Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging, maar diepte ontbreek dalk. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor. Enkele beperkings in historiese insig en begrip kom voor.
5 **60–69%** **30–34**	Poog om 'n standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Argument is nie konsekwent nie, of opper-vlakkig. Toon geringe bewys dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer T/A, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van T/A uit.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit toon basiese insig, maar met beperkte historiese begrip.

IEB Copyright © 2024

4 **50–59%** **25–29**	Neem swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 of 3 bronne uit. Beskryf of lys* bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik aan te wend. Gebruik ontoepas-like of te lang aanhalings. Bondel* bronne saam.	Identifiseer T/A op basiese vlak.	Swak inleiding en slot. Inleiding OF slot ontbreek. Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.) Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is min bewys van historiese begrip en insig.
3 **40–49%** **20–24**	Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem. Weinig poging om te fokus. Toon min begrip van argument. Bevat onjuisthede. Leemtes in argument. Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik slegs die helfte van die bronne. Toon swak begrip van bronne. Gebruik weinig toepaslike aanhalings.	Het geen T/A nie of dit is oorvereen-voudig.	Strukturele probleme. Inleiding en/of slot ontbreek. Uitdrukkings-vermoë swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om die bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 **30–39%** **15–19**	Wend geen poging aan om 'n standpunt in te neem nie. Fokus nie op die vraag nie. Nie in staat om bronne en vraag aaneen te skakel nie.	Gebruik baie min bronne. Toon baie swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukkings-vermoë baie beperk.	Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip, maar kandidaat poog om sommige inligting in die bronne te gebruik.
1 **0–29%** **0–14**	Wend geen poging aan om te fokus nie. Verstaan die vraag glad nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie.	Geen T/A nie.	Strukturele probleme. Uitdrukkings-vermoë uiters beperk.	Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneen-skakel.

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teenargument, bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; Volgens Bron C ...; In Bron D … ens.
- Bondel bronne saam – gebruik verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en gee daarmee te kenne dat almal dieselfde ding sê, bv. Bronne A, C, F en H.

IEB Copyright © 2024